

8 Mei

**Skrifgedeelte: Matteus 13:44-50**  
**Fokusgedeelte: Matteus 13:47-50**

### **Die kerk se taak is om nette uit te gooi en aan te sleep oewer toe**

Jesus vertel 'n gelykenis wat aan die vissersbedryf ontleen is. Hy stel die koninkryk van die hemele in dié geval voor met 'n visnet wat in die see uitgespan word. Wanneer hierdié net vol geword het van allerhande dinge, word dit op die strand uitgesleep. Dan eers begin die uitsortering. Die bruikbares word in 'n houer bymekaar gemaak, terwyl die onbruikbares en slegtes weggegooi word om te vergaan. Die gelykenis maak onderskeid tussen werk wat mense uit dankbaarheid doen en werk wat alleen in God se vermoë is.

Die treknet is in die gelykenis 'n simbool van die (voort)gang van die koninkryk van God deur die wêreld. Dit is immers die boodskap van die Bybel en van elke Bybelboek. God Drie-Enig is van altyd af besig met sy sending en verlossingsplan. Ons as gelowiges het daarom ook die taak om hierdie kragtige Woord aan alle mense te bring, juis daar waar ek myself bevind. In hierdie net van die koninkryk word alle soorte mense bymekaar gebring. Ons taak is om die nette uit te gooi, om dit oor en oor te doen en om dit dan uit te sleep, maar die uitsortering is nie ons werk nie. Die gelykenis sê duidelik dat dit die taak van God se engele is. Tot op daardie dag van die eindoordeel bly alle mense in daardie net.

Die gelykenis bring ons voor 'n ontsaglike saak te staan. Baie mense kan op aangrypende wyse oor die Woord van God praat en van Jesus Christus weet, selfs Satan kan dit ook doen. Die probleem is egter dat daar soveel mense is wat nie hierin opreg en deurleefd is nie en dit net vir die skyn doen. Van vroeg tot laat span ons die net van die evangelie uit en trek dit in, maar ons kan niks waarborg nie. Hierin lê ook bemoediging opgesluit vir elke gemeente en elke gelowige. Laat ons ons werk doen en God se werk vir Hom los. Ons word ook opgeroep om ons vooroordele en neusoptrek-houding te laat staan. Hierdie woorde: "*Nie hulle wat Here, Here sê, sal die koninkryk van die hemele binnegaan nie, maar hulle wat die wil van die Vader doen*", dien vir elkeen van ons as vermaning. Wie vol is van die genade van God se koninkryk wat in en deur sy Seun tot by ons gekom het, word vervul met oorgawe en vreugde om hierdie net uit te gooi en te sleep. Die res doen God self.

Sing: Skrifberyming 15-1:3

Dr. FP Kruger (Meyerspark)